Voorlopige Likwidasie

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA**

**(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)**

Saak no.14941/08

Voor sy Edele Regter Cleaver

Op Dinsdag 23 September 2008

In die exparte aansoek van:

PURPLE PLUM PROPERTIES 48 (EDMS) BPK. ............ Applikant
(Registrasie Nommer 2002/005025/07)

Geregistreerde Adres te Pienaar Straat 56, Somerset Wes, Provinsie Wes-Kaap.

---

**BEVEL**

---

Na deurlees van die stukke en aanhoor van die Advokaat namens Applikant, gelas die Hof as volg:

1. Dat Applikant kragtens die bepalings van Artikel 344(f), saamgelees met Artikel 345(1)(c) van die Wet op Maatskappye, Wet 61 van 1973, onder voorlopige likwidasie in die hande van die Meester van die Hooggeregshof geplaas word;

2008 -09- 2 3
HOOGGEREGSHOF

2. Dat 'n bevel *nisi* uitgereik word in terme waarvan die Applikant en/of enige ander belanghebbende party opgeroep word om op **Dinsdag, 21 Oktober 2008** om **10H00**, of so gou daarna as wat die saak aangehoor word, redes aan te voer, indien enige, waarom:

2.1. Applikant nie onder finale likwidasie geplaas moet word nie; en

2.2. Die koste van hierdie aansoek nie beveel moet word om koste te wees in die likwidasie te wees nie;

3. Dat hierdie Bevel:

3.1 Op Applikant beteken word deur die Balju van hierdie Agbare Hof, by Applikant se Geregistreerde Adres; en

3.2 Beteken word op die Suid Afrikaanse Inkomste Diens se kantore te Hans Strydom Rylaan, Kaapstad;

3.3 Per vooruitbetaalde gesertifiseerde pos versend word aan alle krediteure van Applikant met eise van meer as R5 000-00;

3.4 Per publikasie in onderskeidelik een uitgawe van Die Burger en Cape Times koerante;

REGISTRAR ... 2008-09-29 ... GRIFFIER ...

4. Verdere en/of Alternatiewe Regshulp

**OP LAS VAN DIE HOF**

**HOF GRIFFIER**

Johan Viljoen en Genote
3de Vloer
Nedbank Gebou
St George's Mall 85
Kaapstad

2008 -09- 2 3
CAPE TOWN/KAAPSTAD